

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

• I.I.8 VOL.133 PG.6562-6592

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-08-19

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

133

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 133

(Bladsye 6 565 - 6 592)

HOF HERVAT OP 19 AUGUSTUS 1986.

LUKAS CORNELIS ANDRE PRUIS, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS(vervolg) : Mn. Pruis, ons het gister afgesluit waar u die sielkundige dimensie bespreek het en daar het u geëindig met die operasionele plan en waar u dan sou oorgegaan het tot die bespreking van die woord propaganda. Ons sou met die woord propaganda begin het toe ons geëindig het as 'n metode om die mense te mobiliseer. Is dit reg? -- Dit is reg.

Wat bedoel u met woord propaganda en dit dan te (10) bespreek? -- Wat woord propaganda betref korreleer die temas binne hierdie verband met geïdentifiseerde knelpunte, die politieke saak en dan ook die politieke program van 'n rewolusionêre beweging. Ek het reeds drie teikengroepe onderskei wat binne bevolkingsgeledere aangetref word, naamlik die gematigdes, die militantes en die neutrales. Soos ook aangedui vorm die neutrales die belangrikste teikengroep vir oorredingsvertoë, ten einde maksimale steun vir die rewolusionêre beweging te monster. Die temas word versprei deur 'n verskeidenheid van media, waarvan daar reeds gewag gemaak (20) is toe Mao Tse Tung se behadering in dié verband hanteer is. Dit sluit, indien ek mag herhaal, die gebruik van pamphlette, publikasies, boeke, die gebruikmaking van skole as 'n medium, massa organisasies en kaders wat 'n politieke mobiliseringsrol vervul.

Sou massa vergaderings hierby ingesluit word? -- Massa organisasies.

Vergaderings? -- Massa vergadering sou ook 'n medium kan wees. Wanneer daar gelet op die rol van 'n rewolusionêre beweging as operasionele sisteem, het ons dus hier met die (30) gebruikmaking van corredingsmiddelle te make om insette na

die sisteem te kanaliseer. Die tweede vorm van propaganda noem ek daad propaganda wat die aanwending van lokmiddele behels. In dié verband word sosio-ekonomiese dienste aan die bevolking gelewer, wel dan in 'n beperkte mate in die aanvangsfasie van die stryd. Hierdie dienste kan egter vergroot soos die stryd eskaleer en 'n rewolusionêre beweging se vermoë toeneem. Dit kan onder andere behels die lewering van beperkte mediese dienste, asook hulp met betrekking tot opvoeding. In dié verband word daar spesifiek na die onderwys verwys.

(10)

Kan dit ook 'n vorm aanneem van regshulp wanneer mense in die moeilikheid is? -- Dit kan ook so 'n vorm aanneem. Sosio-ekonomiese dienste vervul bloot die rol van 'n lokmiddel om die aanvaarbaarheid van die rewolusionêre organisasie by die bevolking te verhoog. Dit dien dus as 'n stimulasie om die bevolking meer ontvanklik te maak vir oorredingsvertoë. Die derde vorm van propaganda noem ek gewapende propaganda. Gewapende propaganda wil ek hanteer met verwysing na al drie oorhoofse teikengroepe, naamlik die bevolking, die regering en dan die rewolusionêre elemente. Wat die bevolking betref, wil ek dit van toepassing maak op al drie sub-teikengroepe, naamlik die gemagtigdes, die militantes en dan uiteindelik die neutrales. In dié verband sal die rol van terreurdade derhalwe bespreek word. Eerstens wat die gematigde elemente betref is die doel van sodanige terreurdade vergeldend. Hierdie vergeldingstappe word teen sogenaamde kollaborateurs en informante van die regering en die veiligheidsmate uitgevoer. Tweedens, die neutrales. Die doel van terreurdade met betrekking tot die neutrales is 'n demonstrasie van mag.

(30)

HOF : Maar nou sê u dat by die gemagtigdes die terreur teen

hulle gerig word. By die neutrales word dit nie teen hulle gerig nie, maar dit word net gebruik om hulle te beïndruk? Nee, dit word ook teen hulle gebruik. Die doel is derhalwe om 'n vertrouenswanbalans tussen die regering en die bevolking te skep, sodat die indruk by die bevolking gewek word dat die regering nie sy owerheidstaak met betrekking tot bevolkingsbeskerming kan nakom nie. Terreurdade teen die bevolking word dikwels in dié verband in die openbaar gepleeg om die sielkundige effek daarvan te verhoog. Die magsdemonstrasie wat hieruit voortvloeи dat die rewolu- (10) sionêre beweging terreurdade teen die bevolking van stapel kan stuur, sonder dat die regering beskerming aan die bevolking kan verleen. Die derde subteikengroep is die militante element. Soos vir die rewolusionêre beweging is die doel hier om sekerheid te handhaaf. Dit wil sê sodra die indruk ontstaan dat indiwidue binne die rewolu- sionêre beweging of binne die militante element as kollabo- rateurs of informante van die regering en veiligheidsmagte mag optree, word dreigemente van terreur teen sodanige indiwidue geopper of daadwerklike terreurdade word teen (20) sodanige persone gepleeg. Die derde oorhoofse teikengroep is die regering.

U het gesê by gewapende propaganda is dit eerstens teen die bevolking. By die bevolking het u drie subgroepe onder hulle genoem. Dit is die gematigdes, die neutrales en die militantes? -- Dit is reg.

Die tweede teikengroep is dan wat? -- Die rewolusionêres het ek saam met die militante element hanteer omdat die doelwit dieselfde is. Die derde is dan die regering. Binne die sielkundige dimensie alhier is om regeringsbe- (30) heer oor die bevolking te verbreek. Terreurdade in dié

verband word derhalwe teen politieke figure en amptenare gerig, sodat die indruk geskep word dat hierdie persone hulle werksaamhede in 'n onveilige milieu voortsit. In dié verband kan daar ook daarop gewys word dat die selektiwiteitsbeginsel gehandhaaf word. Dit wil sê 'n rewolusionêre beweging veral selektief met betrekking tot sy teikens. Daar word dikwels op amptenare of politieke figure gekonsentreer wat hul skuldig maak aan korruksie om die indruk te wek dat die rewolusionêre beweging die bevolking van elemente bevry wat 'n ondiens aan die bevolking lewer. (10) Dit handel dan die drie propaganda tipes af binne die konteks van die sielkundige dimensie.

MNR. JACOBS : Kan ek net een vraag vra op hierdie laaste deel wat u gesê het, waar u gesê het dat die teikens geselekteer word. Sou dit dan ook insluit polisiestasies of polisiebeamtes? -- Nee, polisiestasies en polisiebeamtes wat terroriste en terreur betref wil ek in 'n ander konteks hanteer, naamlik by die militêre dimensie, omdat dit daar binne 'n destabiliseringskonteks aangewend word, maar ter ondersteuning van 'n politieke doel. Die rede daarvoor (20) is dat dit teen die veiligheidsmagte gerig word en dus die kleur van guerrilla-oorlogvoering begin kry. Die mobilisering van die bevolking gee uiteindelik aanleiding tot die organisering van die bevolking, wat uiteindelik dan die mobiliserings en organiseringskonteks van die interne manuever afhandel. Hier wil ek 'n geheelbeeld gee van die totale proses. In die eerste plek is daar dan 'n rewolusionêre organisasie wat 'n sogenaamde massa lynstrategie operasionaliseer.

Wat is 'n massa lynstrategie? -- Dit beteken van die massa na die massa. (30)

HOF : Waar kom die idee van 'n lynstrategie vandaan? -- Die

massa lynstrategie is voortvloeiend vanuit die denke van Mao Tse Tung. Hy stel dit dat die idees van die bevolking akkommodeer moet word, in die tweede plek dat hierdie idees gekonsentreer moet word en in die derde plek dat hierdie idees teruggeneem moet word na die bevolking sodat die bevolking tot aksie kan oorgaan. Die lyn is derhalwe van die rewolusionêre beweging na die massa. As ek hierdie proses kan terugprojekteer op die dimensies, dan behels dit derhalwe hier die identifisering van knelpunte, aspirasies begeertes van die bevolking. Die formulering van 'n (10) politieke saak en 'n politieke program wat derhalwe 'n antwoord bied op die knelpunte behoeftes, begeertes, aspirasies.

MNR. JACOBS : Is dit dan wat u bedoel met van die massas, die knelpunte en dan weer terugwerk na die massas toe?

-- Behoeftes, begeerte, aspirasie, ma die rewolusionêre beweging die daarstelling van 'n politieke saak en 'n politieke program en dan terug na die massa aan die hand van die siel-kundige dimensie. Dit wil sê mobilisering. Mobilisering gee aanleiding tot die organisering van die bevolking in spesifieke organisasies. Wat die massa lynstrategie (20) betref moet daar ook op gelet word ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Kan ons net in Engels kry, wat is die massa lynstrategie? -- Mass line strategy. Wat die organisering van die bevolking betref word die bevolking derhalwe saam gegroepeer in spesifieke organisasies. Hierdie organisasies moet volgens Mao Tse Tung saam gegroepeer word in 'n verenigde front.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Wat se soort organisasies? -- Dit kan belang groepe behels, dit kan beroepsgroepe behels. Dit kan organisasies behels op die werksterrein, die (30) arbeidsterrein. Die masse bewerkstellig derhalwe die

verenigde front. 'n Verenigde front staan onder beheer van die rewolusionêre beweging. 'n Driehoek word derhalwe voltooi van die rewolusionêre beweging na die massa vanuit die massa 'n verenigde front en die rewolusionêre organisasie wat die beheer uitoefen oor die verenigde front.

Op hierdie stadium tree die intensifieringsfase of die intensifieringskonteks van rewolusionêre oorlogvoering na vore. Dit behels dat die bevolking aktief deelneem aan die rewolusionêre stryd. 'n Verdere faset moet hier toegevoeg word, naamlik die komponent van gewapende stryd, (10) wat ek aanstoms onder die militêre dimensie sal hanteer. Die intensifieringskonteks beteken ook dat die bevolking die gewapende stryd ondersteun.

MNR. JACOBS : Op hoe 'n wyse? -- Deur middel van die verskaffing van byvoorbeeld skuilgeriewe, voedsel, inligting. Die gewapende stryd staan ook onder beheer van die rewolusionêre beweging. As daar derhalwe na die totaal struktuur van 'n rewolusionêre beweging gekyk word, bestaan 'n rewolusionêre organisasie uit politieke strukture of miskien meer beskrywend nie-militêre strukture, militêre strukture en (20) dan die bevolkingsorganisasies. Die sentrale punt is die rewolusionêre organisasie wat beheer oor die stryd uitoeft.

HOF : In so 'n situasie wat word van die bevolkingsorganisasie verwag? -- Die bevolkingsorganisasie se deelname aan die stryd behels dan soos wat ek ook sal aandui in die ontwikkelingsfases van die stryd deelname aan stakings, onluste, betogings, wat dan die eind fase vorm van die organisasie fase. Die volgende dimensie waarna ek wil verwys is die militêre dimensie. Wat die Mao Tse Tung (30) model van rewolusionêre oorlogvoering betref, val dit

binne die intensifieringskonteks van die stryd terwyl wat Guevara/De Bray en Marighella betref, vorm dit ook 'n faset van die ontstaan van die stryd. Dit wil sê 'n aspek wat binne die mobiliserings- en organiseringskonteks tuis hoort. Die militêre dimensie bestaan uit twee oorlogvoerings tipes, naamlik guerrilla-oorlogvoering en mobiele oorlogvoering. Ek sal wat die ontwikkelingsfases betref na hierdie twee oorlogvoerings tipes verwys.

Vertel my net dit, wat is mobiele oorlogvoering? --

Mobiele oorlogvoering is 'n vorm van konvensionele oorlog- (10) voering waar magte georganiseer word, soos dié van 'n konvensionele weermag. Dit is 'n vinnige bewegingsoorlog en staan in teenstelling met die stellingsoorlog, wat kenmerkens was van die eerste wêreldoorlog. Wanneer ons na die tweede wêreldoorlog kyk, dan vind ons dat mobiele oorlogvoering in dié oorlog na vore tree. Wat guerrilla-oorlogvoering betref, en mobiele oorlogvoering, moet ek terwyverwys na die stuksgewyse metode van indirekte strategie. 'n Rewolusionêre oorlogvoering kry hier 'n pertinente militêre karakter. Volgens die stukgewyse metode, bly (20) die einddoelwit die politieke magsoornamme in 'n teikenstaat. Deur middel van militêre optredes, aan die hand van guerrilla- en mobiele oorlogvoering, word sub-doelwitte bereik wat uiteindelik afgestem is op die bereiking van die politieke eind oogmerk.

Bedoel u met stuksgewys, dat gebiedsgewys dat 'n mens 'n soort terrorium bevesg of bedoel u dat daar 'n soort van 'n harloop en - slaan en hardloop taktiek gevolg word dat hierdie polisiestasies word aangeval en nou word daar weggery? Wat bedoel u met stuksgewys? -- Wat stuksgewys

betref, kan dit altwee betref. Eerstens wat guerrilla-oorlogvoering betref, word geografiese gebiede onder beheer van 'n rewolusionêre beweging gevestig en deur die stelselmatige uitbreidings, die stuksgewyse uitbreiding van hierdie gebiede, word die grootste moontlike terrein van die teikenstaat onder rewolusionêre beheer geplaas.

MNR. JACOBS : Het hierdie plekke spesifieke name of wyses waarop hulle bekend geword het? -- Ek sal verwys - miskien kan ek nou daarna verwys. Ek wou dit hanteer onder guerrilla-oorlogvoering as 'n ontwikkelingsfase, maar wanneer hierdie(10) gebiede onder rewolusionêre beheer geplaas word, staan dit bekend as bevryde gebiede. Wat mobiele oorlogvoering betref en die stuksgewyse metode, is die doelwit hier die vernietiging van die veiligheidsmagte van 'n teikenstaat. Deur middel van 'n magsgekonsentreerde benadering... (Hof kom tussenbei
HOF : Kom net 'n bietjie terug. Wat is die doel, sê u? -- Die doel is om die veiligheidsmagte van 'n teikenstaat te neutraliseer. Dit is die eindfase van 'n rewolusionêre stryd. Deur middel van 'n magsgekonsentreerde benadering word die veiligheidsmagte dan op 'n stuksgewyse metode ge- (20) neutraliseer. Dit wat betref die stuksgewyse metode.

MNR. JACOBS : Gaan maar voort. -- Dan wat die volgende dimensie betref is dit die eksterne dimensie.

Kan u net voordat u daarnatoe oorgaan vir ons sê wat omtrent die sosio-ekonomiese aspek hierso? -- Die sosio-ekonomiese aspek het ek hanteer as vorm van daad propaganda. Wat die eksterne dimensie betref korreleer hierdie dimensie met die eksterne manœuvre van indirekte strategie. Soos by die interne manœuvre geld hier weer eens 'n mobiliserings- en organiseringskonteks en in die tweede plek 'n intensivering-skonteks. Wat mobilisering betref, word eksterne

steunwerwing vir 'n rewolusionêre organisasie aan die hand van die rewolusionêre organisasiese se politieke saak van stapel gestuur, wat hulle met 'n rewolusionêre beweging identifiseer sonder dat mobilisering van sodanige steun ontstaan. In 1961 het Kroetsjef byvoorbeeld in 'n toespraak kommunistiese steun aan rewolusionêre bewegings toegesê. Vanuit die mobilisering van steun of dan die toesegging van steun, deur state wat hulle met rewolusionêre bewegings identifiseer vloei dan die volgende vier tipes van steun na vore,

(10)

Is daar sulke bekende state? -- Ek het nou reeds genoem die Sowjet-Unie.

Is daar nog? -- Die Volksrepubliek van China in 1962 het daar 'n artikel in People's Daily verskyn waarin daar ook verklaar is dat kommunistiese en sosialistiese state steun moet toesê aan rewolusionêre bewegings.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Het dit by 'n algemene toesegging gebly net beginsel of is daar sekere gevalle genoem? -- Nee, in beginsel die toesetting van steun.

Is daar nog state? -- Kuba is ook 'n voorbeeld. (20) Dan die vier tipes van steun. Eerstens morele steun. Dit gaan bloot daaroor dat state of organisasies of individue buite die teiken staat die rewolusionêre stryd as wettig erken. Die tweede tipe steun is politieke steun. Dit beteken dat state of organisasies internasionaal die saak van die rewolusionêre beweging bevorder. Die derde tipe steun is materiële steun, wat onder andere insluit die verskaffing van wapentuig, finansies, ander rewolusionêre bewegings. Die vierde tipe steun is die verskaffing van (30) eksterna basisgeriewe.

MNR. JACOBS : Die isolasie van 'n land op internasionale gebied, waarsal u dit klassifiseer in hierdie steun? -- Ek het reeds met die hantering van die eksterne manuever van indirekte strategie vermeld dat die doelwit hier is om die vryheid van beweging van 'n rewolusionêre organisasie te verhoog. Politieke ondersteuning verhoog hierdievryheid van beweging. Dit mag dit makliker vir 'n rewolusionêre organisasie om op te tree. Die materiële ondersteuning vervul derhalwe dieselfde rol. Dan verder is die doelwit binne die eksterne manuever die wilslamlegging ... (10)

(Hof kom tussenbei?

HOF : Is jou vraag nou al beantwoord? -- Ek is nou by hom. Die wilslamlegging van die opponerende regering deur sielkundige metodes, ekonomiese metodes, direk of die dreigement daarvan,

MNR. JACOBS : Word 'n rewolusionêre stryd deur spesifieke fases van ontwikkeling van stapel gestuur? -- Ja.

Wat is die kenmerke hiervan?

HOF : Wag nou 'n bietjie. U het 'n soort van 'n skema. U het vier tipes genoem, morele steun, politieke steun, (20) materiële steun en verskaffing van eksterne basisgeriewe -- Dit is reg.

Val die isolasie van 'n land op internasionale gebied nie onder politieke steun nie? As dit gaan oor ekonomiese isolasie, ja wel.

Wel sielkundige isolasie ook? -- Dit is reg. Die politieke steun werk na twee kante toe. Dit wil sê die bevordering van 'n rewolusionêre beweging se saak en tweedens dan deur middel van optrede teen die teikenstaat se regering om 'n wilslamlegging te bewerkstellig. (30)

MNR. JACOBS : Kan u nou vir ons oorgaan, want u sê daar is

spesifieke fases en dan net vir ons sê wat is die kenmerke of it? -- Ek gaan hier vier fases onderskei.

HOF : Vier fases van wat is dit nou? -- In die ontwikkelingsgang van rewolusionêre oorlogvoering. In die aanduiding van strategiese modelle, het ek ook vermeld dat daar 'n bepaalde ontwikkelingslyn aanwesig is. Hierdie ontwikkelingslyn wil ek derhalwe nou aan die hand van fases uitspel. Die eerste fase is die organisasie fase. Hierdie fase behels in die eerste plek die ontstaan van 'n rewolusionêre beweging en daarmee saam die formulering van 'n (10) politieke saak, aan die hand van die proses wat reeds uitgespel is. 'n Volgende stap is dat 'n rewolusionêre beweging oorgaan tot bevolkingsmobilisering. Vervolgens mobilisering moet aanleiding gee tot steun aan die rewolusionêre bewegings. 'n Verdere komponent van die organisasie fase is infiltrasie van bestaande organisasies, ten einde maksimale steun op te bou. Gedurende die organisasie fase word daar ook reeds gepoog om eksterne steun te verkry. Die organisasie fase eindig normaalweg, met die opleiding van rewolusionêre rekrute en die intensivering van (20) die stryd, aan die hand van stakings, onluste, dit wil sê die begin van bevolkingsdeelname in die stryd. Die tweede fase is die fase van terrorisme wat 'n fase van aktiewe verset behels. In dié verband word daar oorgegaan tot dade soos sabotasie, sluipmoorde en dan ook aanvalle op die veiligheidsmagte.

MNR. JACOBS : Sou u halssnoermoorde hier inbring? ---Ek sou 'n nalssnoerdmoord beskryf as 'n terreurdAAD wat aangewend word binne die konteks van die sielkundige dimensie. Dit wil sê die teikengroep gaan daardie bepalend wees (30) of dit die neutralisering van 'n gematigde element is of wie

teikengroep is wat daar van belang is. Na die fase van terrorisme kry ons die fase van guerrilla-oorlogvoering. In dié verband word daar dan alreeds beperkte militêre konfrontasies met die veiligheidsmagte aangeknoop. Die volgende werkswyse kan gevolg word om rewolusionêre aktiwiteite in gebiede te konsentreer. Eerstens kan daar in geselekteerde gebiede gekonsentreer word deur die rewolusionêres om 'n uitwyking van die veiligheidsmagte te veroorsaak. Tweedens kan 'n konsentrasie op gebiede 'n toevloei van veiligheidsmagte na sodanige gebiede veroorsaak (10) nie en sodoende onttrek veiligheidsmagte aan ander gebiede waar hul teenwoordig was. Indien die rewolusionêres deur middel van guerrilla-oorlogvoering daarin slaag om die veiligheidsmagte aan gebiede te laat onttrek, word daar maksimaal op hierdie gebiede gekonsentreer en die gebiede word onder 'n rewolusionêre beheer geplaas. Soos reeds aangedui staan sodanige gebiede bekend as bevryde gebiede waarin rewolusionêre skaderegerings gevestig word. Die uitbreiding en aaneenskakeling van hierdie gebiede gee aanleiding tot rewolusionêre beheer oor 'n groter (20) wordende deel van 'n teikenstaat se territorium. Die vierde fase is die fase van mobiele oorlogvoering. Soos reeds gemeld, dit is 'n vorm van konvensionele oorlogvoering en die doel is die vernietiging van die veiligheidsmagte van 'n teikenstaat. Ten slotte moet ek hier opmerk oor die fases, dat die fases in die praktyk nie in kompartemente verdeel kan word nie. Dit is 'n aaneenlopende proses en stappe wat tuis hoort in een fase, byvoorbeeld guerrilla-oorlogvoering, kan gedurende die praktiese manifestering van 'n stryd in 'n ander fase geakkommodeer word. Wat die (30) geheel betref, wil ek ten slotte net die volgende opmerk.

Die fasette wat ek hier hanteer het, is die strategiese werkswyse in 'n rewolusionêre stryd. In die eerste plek bestaan daar derhalwe strategiese modelle vir rewolusionêre oorlogvoering wat as vertrekpunte dien. Hierdie strategiese vertrekpunte word deur 'n rewolusionêre organisasie geoperationaliseer. Dit word aan die hand van die verskillende dimensies gedoen, intern sowel as ekstern. Uiteindelik ontwikkel hierdie stryd deur 'n aantal fases. Dit is egter so dat die stryd in enigeen van die fases tot sukses gevoer kan word. (10)

Kan u net vir ons sê terwyl u hiermee besig is, sou elke staat waar daar 'n teikenstaat is en waar 'n rewolusionêre oorlogvoering aan die gang is - sou daar omstandighede wees wat afwyk van hierdie plan en ontwikkeling? -- Ja, hier is vertrekpunte, strategiese vertrekpunte tot rewolusionêre oorlogvoering. Die toepassing daarvan kan wissel van een staat na 'n ander. Byvoorbeeld in een staat kan 'n enkele strategiese model as vertrekpunt dien. In 'n ander staat kan 'n kombinasie van modelle gebruik word.

Dan iets anders wat ek u wil vra. Is daar 'n verskil (20) tussen rewolusie en rewolusionêre oorlogvoering? Ons het die terme rewolusionêre oorlogvoering reg deur gehou? -- Vir my is daar 'n verskil tussen rewolusie en rewolusionêre oorlogvoering in die volgende sin. Ek sien in rewolusie as 'n proses waar die bevolking binne 'n staat in opstand kom en in hierdie proses ontwikkel dan leierselemente en organisasies. In rewolusionêre oorlogvoering is dit die omgekeerde proses. Daar is 'n organisasie wat bevolkingsmobilisering van stapel stuur en daarmee saam ontwikkel die stryd. (30)

Is dit 'n kortstondige proses of? -- 'n Rewolusie is 'n

kortstondige proses terwyl 'n rewolusionêre stryd 'n lang uitgerekte stryd is, soos aangedui deur my verwysing na die erosie metode.

Dan wil ek net op een ding 'n bietjie duidelikheid kry. Die eind oogmerk van 'n rewolusionêre stryd, die eind politieke doelwit, word dit uit die staanspoor bekend gemaak aan die bevolking of nie? Kan u miskien daarop 'n bietjie uitbrei? -- Ek het reeds aangedui dat bevolkingsmobilisering in die stryd belangrik is. Vir die doel moet 'n rewolusionêre beweging 'n politieke saak formuleer wat (10) vir die ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Maar het die getuie nie gister beduie dat daar 'n verskil is tussen idiosiese eindpunt en 'n politieke eindpunt nie en dat jou politieke program nie noodwendig jou idiosiese program kan wees nie, alhoewel dit dit mag wees en dat waar jou politieke program van jou idiosiese einddoel verskil jy jou idiosiese einddoel verbloem nie? Nou dat ek al daardie dinge opgesom het, kan u daarvanaf voortgaan.

MNR. JACOBS : Dit is al, dankie.

(20)

MR BIZOS : My Lord, there are just one or two aspects that we would like to bring to Your Lordship's attention before asking Your Lordship to allow this witness to stand down for some time for us to consider his evidence. We were assured by the State that no expert evidence would be called by the State. I want to read from a letter dated 6 August 1986 signed by Mr Jacobs to Messrs Bell, Dewar and Hall. The second paragraph reads "It is correct that the State had indicated before the commencement of the trial that it did not have expert witnesses to call. That was (30) said when we learnt that Mr De Vries had encountered

some problems in court pertaining to his expertise. Different people were approached to give expert evidence in this case without success and it was only during the recess in July that we obtained people with the necessary expertise to give evidence." It goes on that consultations were held during July. We were informed of the State's intention the first week of August that expert evidence would be called and the names were disclosed to us a day or two before this letter was written on 6 August 1986.

COURT : So, on approximate 4 August 1986 you heard that (10) Mr Pruis would be called?

MR BIZOS : That Mr Pruis would be called, but no summary of his evidence, nor the effect of his evidence was indicated to us although a request in a letter was made. Under the circumstances we want an opportunity to study this evidence, make the record available. We want to take Your Lordship into our confidence. We immediately asked that someone who had some idea of these matters could be of assistance to us. He has a teaching program which he cannot give up, especially during this time of the year (20) and after consideration and consultation we do not think that we will be ready to examine the witness before 8 September.

COURT : On what basis? I mean, what this witness said I take it is a theory which is quite wellknown to various experts and you had an expert here in court, I believe yesterday. You could have had somebody else in court. I cannot see why this matter should stand down till 8 September because you have a particular expert in mind who at present has got a teaching program. (30)

MR BIZOS : Perhaps the State's difficulties in finding

... / experts

experts are the same as ours, because in paragraph 4 of this very letter, they say "Different people were approached to give expert evidence in this case without success." We do not know how far we have to search. We have been taken by surprise in relation to the calling of an expert ... (Court intervenes)

COURT : It is now 18 or 19 of August. You heard on 4 August that Mr Pruis would be called and no doubt you have known all along what sort of a man Mr Pruis is and that he is a lecturer at a university in a certain direction or a (10) certain subject. So, obviously you knew that this type of evidence was being presented and you have got an expert from a university in the same field. The Court cannot wait while the parties scratch round to get a particular expert who particularly suits their needs.

MR BIZOS : I do not think, with the greatest respect, that Your Lordship is putting it correctly, that suits our means. This we understand as an esoteric field. The State says that it had difficulties in getting experts. There is a further difficulty that this evidence has got to be trans- (20) lated for the expert that we have which is going to take further time. We are not unmindful that everyone is anxious to get on with this trial and I think that we have shown throughout this trial contrary to experiences elsewhere that we have co-operated and in fact have pushed for the completion of witnesses and we have not taken up any court time for any significant period.

COURT : Is your difficulty that your expert was not in court yesterday or today?

MR BIZOS : He is about to come. He had to deliver two (30) lectures this morning which cannot be cancelled at short

notice.

COURT : That I may appreciate, but on the other hand the Court cannot be kept waiting by witnesses and by experts.

MR BIZOS : It is not a question of witnesses. It is actually that we have to consider this evidence. May I draw a parallel? If this were a civil case in which a few thousand rands was being claimed from the accused, if they were defendants, they would have been entitled to 21 days' notice that an expert was going to be called and fourteen court days before that they would have been (10) entitled to a summary of what the expert was going to say and the plaintiff would have known if he was complaining that hit femur was broken that the expert would give evidence about his femur and in a case such as this, I submit with the greatest respect that 22 accused who are faced with an expert out of the blue which the State says in a letter of 6 August that it had difficulty in finding, are entitled to at least the time period that the plaintiff or the defendant is entitled to where a simple case of a claim of a few thousand rands is being made during periods which (20) are considered reasonable in our rules of court and I do not know with respect in the absence of any indication as to who this person was going to be before the end of the first week in August, despite the fact that we have asked for some sort of summary or the suggestion of what material facts are being deposed to by the witness which was not given to us, that the 22 accused should be put in a worse position than a plaintiff or a defendant or a defendant would have been in a simple commercial or medical transaction. I think that Your Lordship with (30) the greatest respect must have realised throughout the

conduct of this case that at some considerable difficulty for ourselves we have actually taken the initiative that no time should be taken up unnecessarily with adjournments for the purposes of preparation and I think with the greatest respect that Your Lordship must have reached that conclusion, but when we do say that we can not be ready before that day, having regard to the difficulties that we find ourselves in, we ask Your Lordship with respect to give due consideration to the assurances that we give Your Lordship in this regard. We are as anxious as everyone else for this case to proceed as soon as possible. (10)

MNR. JACOBS : U Edele, ek weet nie of ek op al die aspekte moet antwoord nie. Dit is korrek, die brief wat geskryf was dat ons het, probleme gehad. Aanvanklik sou ons 'n ander deskundige gekry het. Toe kon ons hom nie meer gebruik nie. Toe moes ons soek vir 'n ander een. Op daardie stadium toe hulle vir ons gevra het, toe het ons aan die verdediging gesê dat ons op daardie stadium nie 'n deskundige het wat ons kan roep nie. Toe ons een kon opspoor en kry het ons die verdediging in kennis gestel, soos mnr. Bizos hier gesê het. Ek het net een aspek, mnr. Bizos gebruik the parallel van 'n eis in 'n siviele saak. Daar word daar volgens wetgewing voorsiening gemaak. Op die strafreg geld daardie wetgewing nie. Dit is nie 'n beginsel uit 'n reël van die Hof nie, maar dit is eintlik, dit is gebaseer op wetgewing dat kennis gegee word van 'n deskundige en ons het probeer in hierdie saak van die begin tot vandag toe waar ons vandag hier by u staan - het ons van die Staat se kant uit ons pad gegaan omgedurig hierdie sake te laat vlot. Om oor 'n tydperk van sewe maande op Woensdag, wanneer ons in hierdie hof sal wees elke dag behalwe vir daardie (30)

een geleentheid toe ons getuienis uitgeloop het, het ons vyf uur per dag getuies gehad om die hof aan die gang te hou. Regdeur het die Staat probeer om geen vertragings te veroorsaak nie. Ons het uit ons pad gegaan om die verdediging te akkommodeer en waar ons probleme gehad het ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wanneer het u mnr. Bizos in kennis gestel dat mnr. MNR. JACOBS :

Pruis kom getuig? Dit is 'n dag of twee nadat ons, ek is nie seker van die presiese datum nie, maar dit is net na die reses begin het.

(10)

HOF : Net na die reses begin het of opgehou het?

MNR. JACOBS : Net na die reses opgehou het.

HOF : 4 Augustus?

MNR. JACOBS : 4 Augustus.

HOF : Ons het op die 30ste begin weer.

MNR. JACOBS : Die Staat kon eers mnr. Pruis ook finaal gaan sien in die laaste week van die reses. Toe kon ons eers met hom volledig konsulteer.

HOF : Wat is u houding tot die aansoek om uitstel tot 8 September wat hierdie getuie betref? (20)

MNR. JACOBS : Dit is vandag die 20ste. Dit is agt dae of die 19de. Dit is drie weke wat die uitstel is. Volgende sal ons seker ook 'n uitstel hê.

HOF : Waarom sal ons na volgende week 'n uitstel hê?

MNR. JACOBS : Vir dr. Jansen se getuienis. Ek verstaan op die vroegste sal dit volgende week en Woensdag wees.

HOF : Maar wat het u nog in die lyn van getuies?

MNR. JACOBS : Daar mag een getuie op die oomblik aangekom het. Ek het nie duidelikheid nie, wat baie kort sal wees en dan het ek geen verdere getuies nie. Daar is 'n paar (30) dinge wat moet opgeklaar word. Sekere erkennings wat omtrent

die videobande en dr. Jansen se getuienis, daardie ketting-getuienis wat erken sou gewees het, word nou aan my gesê dit sal nie erken kan word nie, totdat hulle of nadat hulle die deskundige ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Hoekom is dit?

MNR. JACOBS : Dit is wat mn. Tip sê. Hulle weet nie wat die deskundige gaan sê nie. So, ek het al daardie getuies teruggestuur destyds.

COURT : It seems to me, Mr Bizos, that what Mr Jacobs is saying is that the promise that the chain between the taking or delivery iof the tape and the production in court that that would be admitted is now withdrawn? (10)

MR BIZOS : There may be in relation to ... (Court intervenes)

COURT : I cannot sit and wait until 27 August and then after the cross-examination of Mr Jansen for a week find out that a couple of witnesses have to be recalled who were available and then wait for them to be recalled on simple formal issues..

MR BIZOS : No, I know of no withdrawal of a promise to (20) make any admissions. What the State did do is they added a particular tape which is not before Your Lordship which has nothing to do with any of the matters. They added it onto the admissions and we consulted on the matter and we told Mr Tip to tell the State in relation to that date which is not before Your Lordship, whichhas not been analised as far as we know by Dr Jansen or has got anything to do with any of the matters before Your Lordship, that that tape would not be admitted and that they would have to prove in whose possession it was found and they can (30) please themselves what they want to do. That has got nothing

to do with Dr Jansen's evidence.

COURT : So, except for that tape which can be excluded from any admissions, there is no impediment to any admissions as promised?

MR BIZOS : As far as I know there is no impediment in relation to any admissions as promised. We have had this before in relation to the tapes. There is no difficulty in regard to that and I am sure that there has been lack of communication between Mr Fick and Mr Jacobs. This is why I wanted to address Your Lordship before Your (10) Lordship thought that it would be necessary to call other evidence.

MNR. JACOBS : Ek mag net sê, dit is ongelukkig dat ons nou hierdie dinge voor u in die hof moet uitpraat of daar 'n kommunikasiegaping weer by die verdediging is, want mnr. Tip het gister dit uitdruklik genoem, dit is korrek, daar is ander "tape" wat bespreek was met die verdediging en dit is toe aanvaar dat daardie "tape" gaan nie in nie, maar die kwessie is, gister nog het mnr. Tip gesê ten opsigte van die bande wat in hierdie saak onder dispuut is op die (20) huidige oomblik dat hulle kan nie op hierdie stadium die erkennings maak nie, hulle moet eers volledig met hulle deskundige konsulteer.

HOF : Hoe gaan die deskundige hulle help om te weet of die band van mnr. A gegee is aan mnr. B en van mnr. B na mnr. C en van mnr. C na mnr. D?

MNR. JACOBS : Al waaraan ek kan dink, as daar miskien ander plekke is, dat daar miskien bewerings gemaak gaan word dat mense gepeuter het met daardie "tape". Ek weet nie. Ek word nie in die vertroue geneem nie. Dit is net vir my gesê (30) op hierdie stadium kan ons nie die erkenning maak nie. Dit

is nie gesê hulle gaan dit nie maak nie. Dit hang af van wat die deskundige gaan sê.

HOF : Ek is nie bereid om hierdie saak te laat afstaan terwyl mense besluit of hulle erkennings wil maak of nie. As daar nie 'n erkenning kom nie, moet die getuies geroep word. Dan moet u hulle laat kom, dan lei ons hulle. Ek sal nou verdaag. Ek wil die saak bespreek met my assessore.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

COURT : We have considered this matter of the question (10) whether this witness should stand down until 8 September 1986. I am of the opinion that no good grounds have been advanced for this request. That request is refused. I am prepared to let the witness stand down for the purpose of cross-examination until coming Thursday at 09h00. That is my ruling. U staan af tot Donderdagoggend om 09h00. Dan sal u gekruisvra word.

MR BIZOS : With due respect I was not given an opportunity to reply to the State's opposition and I am asking Your Lordship to give me an opportunity to reply now. (20)

COURT : Yes, do so, Mr Bizos.

MR BIZOS : The first matter that I would have drawn to Your Lordship's attention if I was given an opportunity to reply was that the State has had two years in which to prepare this case since some of the acts which are alleged in the indictment first occurred. The second matter that I want to bring to Your Lordship's attention is this that this has been evidence which although translated to the accused by the interpreter, it must have been fairly obvious that there were technical and other terms which the Court(30) itself had difficulty in following from the witness and

asking him for definitions. It is intended to translate this evidence for the benefit of the accused into English as well as for the benefit as well as for the benefit of the expert that has been retained. The obtaining of this record and the translation of that record will not be possible before the period that has been ruled by Your Lordship. Insofar as My Learned Friend has indicated to Your Lordship, that the periods in civic cases do not apply to criminal cases, I would submit with the greatest respect that they do indicate the attitude of our courts in relation to the time period that ought to be allowed in order to enable litigants to prepare their case. I would like to also inform Your Lordship that I am assured that Mr De Vries that was called in the Pietermaritzburg case which has been referred to from time to time, a case dealing with similar issues, although ample notice was given that he would be called, before he was actually called a period of six weeks was allowed to the defence to prepare for their cross-examination. (10)

COURT : Well, did De Vries not give evidence on the ANC as such? And not on this theoretical aspect of revolutionary warfare? (20)

MR BIZOS : Of course there are differences.

COURT : It makes a vast difference whether you pin it directly to one of the co-conspirators and for that purpose refer to documentary evidence or whether you in general give the theory of what Che Guevara thought.

MR BIZOS : May I place on record with the greatest respect that from Your Lordship's own trial experience Your Lordship must know that counsel representing accused persons or their clients in any other proceeding, are not necessarily (30)

confined to cross-examining a witness to an issue that has been chosen by the opposing party to limit. Once he puts himself in the witness-box there may be aspects of the defence case that have to be prepared and put to this witness and we are not, with the greatest respect, bound once a witness has taken the stand to confine ourselves to the very parameters that the State has chosen to do.

Your Lordship does not know what material there is available.

K412 Your Lordship does not know how we want to handle this case. Telling Your Lordship in detail about it, (10) will deprive us of the element of surprise to which we are entitled as cross-examining counsel and what I am appealing to Your Lordship, in the circumstances is to reconsider Your Lordship's ruling in this regard, because I can assure Your Lordship that we will not be ready on Thursday and if need be, we will have to come here with affidavits on Thursday in order to support a further application for a postponement. I want to avoid that. There is another factor which ... (Court intervenes)

COURT : What I particularly do not like is that you did (20) not have your expert here available and now I understand that your expert does not know Afrikaans, well then you must get an expert who understands the witness as such because when you cross-examine this witness and your expert is available and if he does not understand Afrikaans, how is he going to assist you?

MR BIZOS : If it took the State two years to find an expert how do Your Lordship expects us to find another expert by Thursday?

COURT : No, the State was not looking for two years for (30) this expert.

MR BIZOS : Well, their letter suggests that.

COURT : Go ahead.

MR BIZOS : The other factor that we want to tell Your Lordship is that this is not the only piece of work that we have to do in relation to this case. There is another expert who is standing down. I want to assure Your Lordship that I have to read something like 1 600 pages of evidence in relation to that expert. How does one divide one's time under those particular circumstances?

COURT : I understood that you were not going to do the (10) cross-examination of this witness but that Mr Chaskalson was going to do it?

MR BIZOS : That is correct, but as Your Lordship knows we do work as a team. I have been here for practically the whole period of the case and I would suggest with respect that I may have something to say in relation to the form that the cross-examination should take even if Mr Chaskalson is doing it and as his assistant. Asking us to do this on Thursday would only lead with the greatest respect to our spending between now, today is Tuesday, and Thursday to (20) put affidavits before Your Lordship on Thursday morning as to why we cannot go on. I am giving this assurance to Your Lordship not on the basis that I want in any way to frustrate Your Lordship's ruling but in the spirit of co-operation which I believe everyone will have seen evidenced throughout this trial, that we have really worked day and night in order to avoid this sort of adjournment and I am repeating, My Lord ... (Hof kom tussenbei)

COURT : I can appreciate that one needs an adjournment in order to prepare in a case like that of Mr Jansen where (30) I granted it, because one needs to make a lot of tests and

that sort of thing, but I cannot appreciate that one needs an adjournment until 8 September to prepare on theoretical evidence of an expert. I mean, I never needed this type of postponement when I practised and I do not accept that Mr Chaskalson really needs a postponement until 8 September to prepare for this evidence which I have listened to. I summarised the evidence which this witness gave for a full day yesterday in the course of two hours last night and I did it in English and the evidence he gave this morning I can summarise in half an hour. If you want my summary (10) I can read it to you into a tape machine.

MR BIZOS : We would be indebted to Your Lordship for that summary but we have this problem, that Your Lordship does not know what it is that we want to put to this witness.

COURT : Well, it seems to me that you do not know what you want to put to this witness and that is the difficulty at present.

COURT : Your Lordship may be partly correct in regard to that that the evidence has to be assessed, material has to be gathered and a decision has to be made according to our judgment in the best interest of our clients as to what should be put and what should not be put, but with the greatest respect we cannot get past first base by Thursday as indicated by Your Lordship. The translation of this record alone will take a few days.

COURT : It is not necessary to translate it. You can explain to your expert from your notes what this witness said and you can give your explanation in English.

MR BIZOS : Are the accused not entitled ... (Court intervenes?) (30)

COURT : The accused are not entitled to a translation.

They have had a translation in their own language in court. One cannot have a case stand down when you have interpreted everything to the accused because you want to make a translation into English which was not the language into which it was translated in court. On what basis?

MR BIZOS : With the greatest respect, this is not a simple narrative that Your Lordship has heard. This is a narrative which is of a technical nature and Your Lordship has had from time to time to ask the witness for the English equivalent of the Afrikaans that he uttered. (10)

COURT : I did that in order to help you, Mr Bizos.

MR BIZOS : Thank you, My Lord, but that really shows how much assistance we need and how much time we need to be able to prepare properly. What I am urging Your Lordship to do with the greatest respect is to be guided by the time periods in the rules, guided by the time period that was allowed in Natal, we are asking for a much lesser period that either the rules provide for or the period that was given in Natal and I am asking Your Lordship in view of the further information that I have placed before Your Lord- (20) ship to give us an opportunity to do it in that way, because I am afraid otherwise it may turn up that even more time is taken up and we are urging Your Lordship to give us that opportunity. I may say that in the meantime there are other matters to be done, discussions to take place by other members of the team between the State and the defence and also certain members of the team are going to be involved in the preparation of an application in anticipation of the State's closing of its case and some of them will be able to take up this period in relation to that. So, I (30) would submit with the greatest respect that having regard

to the almost shall I say uninterrupted running of this case which is most unusual in our courts for a case of this nature, most unusual and we co-operated fully, with the State and Your Lordship in order to have an uninterrupted case that when the time does come when the record actually shows that we have gone to considerable trouble to have an uninterrupted case, that we should not be put on such short terms in relation to this cross-examination. I want to assure Your Lordship that we will not be able to do it by Thursday.

(10)

COURT : I have let myself be swayed by the arguments of Mr Bizo's to a certain extent. I am not at all convinced that he needs the time or that the defence needs the time until 8 September. I am convinced that one should be able to cross-examine this witness tomorrow morning, but in order to be lenient and lean over backwards, I am prepared to let the witness stand down until Monday morning, coming Monday morning, 25 August at 09h00. In that respect my previous ruling is amended.

Ons verwag dus van u dat u hier sal wees op Maandag (20) om 09h00, dit wil sê eerskomende Maandag.

MNR. JACOBS DEEL HOF MEE DAT HY NIE 'N GETUIE BESKIKBAAR OP DIE OOMBLIK HET NIE.

HOF VERDAAG TOT 25 AUGUSTUS 1986.

- - - - -

DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

PUBLISHER:

Publisher:- Historical Papers, The University of the Witwatersrand

Location:- Johannesburg

©2009

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

DOCUMENT DETAILS:

Document ID:- AK2117-I1-18-133

Document Title:- Vol 133 p 6565-6592. Witness: Pruis